Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2012

# ONTWERP (TEORIE) V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die vrae aandagtig deur.

4. Beantwoord die vrae in volsinne. Vermy die maak van ’n lys van feite.

5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1: VISUELE GELETTERDHEID: ONGESIENE WERKE



**FIGUUR 1:** ***Rooi natuur draadwerkvaas*** **ontwerp deur Marisa Fick-Jordaan vir Zenzulu, 2011**

1.1 Analiseer die gebruik van die volgende ontwerpelemente in FIGUUR 1 hierbo:

- Lyn
- Fatsoen
- Werklike tekstuur (6)

1.2 Verduidelik hoe die volgende ontwerp beginsels in FIGUUR 1 verkry is:

- Eenheid
- Kontras (2)

1.3 Bespreek die positiewe- en negatiewe aspekte van die houer hierbo met verwysing na die ontwerp term '*funksionaliteit*.' (2)

1.4 Bestudeer die plakkaat in FIGUUR 2 geïllustreer en beantwoord dan die vrae wat volg.




**FIGUUR 2**

1.4.1 Noem en bespreek TWEE simbole wat sigbaar is in die bostaande plakkaat en sê wat hulle voorstel. (4)

1.4.2 Voel jy dat die lettertipe wat in FIGUUR 2 gebruik is, suksesvol is? Verduidelik jou antwoord. (3)

1.4.3 Analiseer die gebruik van kleur in FIGUUR 2 hierbo. (1)

1.4.4 Dink jy die bostaande plakkaat is van pas vir die Suid-Afrikaanse konteks? Verduidelik jou antwoord. (2)

**[20]**

## VRAAG 2: INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP (KUNS- EN KUNSVLYT; ART NOUVEAU; BAUHAUS; ART DECO)

2.1 Bestudeer die illustrasies hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 3: Skaakstukkies**



**FIGUUR 4: ’n Skaakstel**

2.1.1 Identifiseer TWEE Internasionale Geskiedenis van Ontwerp bewegings sigbaar in FIGUUR 3 en FIGUUR 4 hierbo. (2)

2.1.2 Verskaf VYF ooreenkomste tussen die twee bewegings voorgestel deur FIGUUR 3 en FIGUUR 4. (5)

2.2 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 5: Art Nouveau Borsspeld**

2.2.1 Deur 'n bespreking van die doelwitte, invloede en algemene karaktereienskappe van Art Nouveau, wys of FIGUUR 5 tipies is van die beweging of nie. (8)

2.2.2 Verskaf die naam van EEN Art Nouveau ontwerper en 'n formele analise van EEN van sy of haar werke. (5)

2.3 SUID-AFRIKAANSE EN PAN-AFRIKAANSE ONTWERP




**FIGUUR 6**

2.3.1 Die beelde in FIGUUR 6 verteenwoordig etlike van Suid-Afrika se ryk tradisionele handwerk erfenis.

Bespreek die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse- of Afrika tradisionele handwerke wat jy die jaar bestudeer het en wys die inherente waarde van die werke uit.

Vir elkeen moet jy die volgende insluit:

- ’n Kort geskiedenis van die ontwikkeling (3)
- Gebruik van materiale, metodes en prosesse (4)
- Doel/Funksies (3)

(10 x 2) (20)

**[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE EN INTERNASIONALE ONTWERP

3.1 Bestudeer die ontwerp in FIGUUR 7 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



**FIGUUR 7: Vlekvrye staal, poeiergedekte HDE plastiekstoel deur Haldane Martin, 2011**

3.1.1 Gee EEN rede hoekom die bostaande stoelontwerp verband hou met tradisionele Afrika ontwerp. (1)

3.1.2 Watter karaktereienskappe van die bostaande stoel wys dat dit kontemporêr is? (3)

3.2 Skryf ŉ kort opstel oor enige amptelike erkende kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerper onder die volgende opskrifte:

- Naam van die ontwerper en sy/haar ontwerpdissipline (1)
- Afrika en/of internasionale invloede en inspirasie (2)
- Algemene karaktereienskappe (3)
- Naam en kort analise van EEN werk deur die ontwerp. (4)


3.3 3.3.1 Bespreek die werk van EEN kontemporêre internasionale ontwerper wat jy bestudeer het en wie se werk ŉ betrokkenheid by omgewingskwessies wys. (10)

3.3.2 Verskaf die naam van EEN ander kontemporêre internasionale ontwerper wat jy bestudeer het sowel as die naam en analise van een werk deur daardie ontwerper. (6)

**[30]**

**VRAAG 4: SOSIALE EN OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID EN TIPOGRAFIE/BLADUITLEG**

4.1 Bestudeer die plakkaatontwerpe hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.




**FIGUUR 8**




**FIGUUR 9**

| Vir ŉ plakkaat om onmiddellike visuele impak te maak, moet dit volgens sekere erkende stappe van uitleg van teks en beelde ontwerp word. |
|---|

4.1.1 Vergelyk die effektiwiteit van elk van die twee plakkate (FIGUUR 8 en FIGUUR 9) deur ŉ analise van die simboliese gebruik van die volgende:

- Beelde (2)
- Kleur (2)
- Skrif (2)
- Teks (2)
- Bladuitleg (2)

4.1.2 Verduidelik wat deur elk van die volgende terme bedoel word:

- Woordspasiëring (1)
- Leiding (1)
- Lettertipe gerigtheid (1)

4.1.3 Gee die volgende informasie:

- ŉ Definisie van tipografie (2)
- Twee kategorieë van tipografie en ŉ voorbeeld van elk. (2)

4.1.4 Verduidelik die verskille tussen Serif, Sans serif en Italic. (3)

4.2 4.2.1 Gee ŉ definisie en EEN voorbeeld van onverantwoordelike ontwerp. (2)

4.2.2 Noem EEN wyse hoe ontwerp tot voordeel van die gemeenskap gebruik kan word. (1)

4.3



**FIGUUR 10: 'n Voorbeeld van werk deur 'n Suid-Afrikaanse ontwerpgroep wat sosiale kwessies aanspreek.**

4.3.1 Bespreek die werk van een internasionale OF Suid-Afrikaanse OF Pan Afrikaanse of ontwerpgroep wat jy bestudeer het en wie se werk duidelik sosiale kwessies aanspreek. Verwys na spesifieke voorbeelde in jou bespreking. (MOENIE enige ontwerpers herhaal wat jy al in vorige vrae in hierdie vraestel beantwoord het nie.) (7)

**[30]**

## VRAAG 5: ONTWERP IN 'N BESIGHEIDSKONTEKS

5.1



**FIGUUR 11: Kreatiewe hangende laaikas**

Verbeel jou die bostaande ontwerp is jou eie ontwerp. Met dit in gedagte, beantwoord die volgende vrae.

5.1.1 Verduidelik wat jy dink die moontlike voor- en nadele is om 'n hangende laaikas in jou hangkas te hê (2)

5.1.2 Noem 'n moontlike teikenmark vir die bostaande ontwerp. Verskaf 'n rede. (2)

5.1.3 Wat is die verskil tussen bemarking en marknavorsing? (2)

5.1.4 Verduidelik die TWEE verskillende wyses hoe marknavorsing jou kan bystaan in die verkoop van jou produk. (2)

5.1.5 Lys VIER moontlike metodes om jou produk te bemark (nie verpakking nie). (4)

5.1.6 Verduidelik VIER belangrike eienskappe van EEN van die bemarkingsmetodes verskaf as 'n antwoord in VRAAG 5.15 hierbo. (4)

5.1.7 Wat is die doel van kostebepaling van 'n nuwe produk voor jy dit prys? (1)

**EN**

Lys SES aspekte wat in gedagte geneem moet word gedurende die kostevastelling- en beprysing prosedure. (6)

5.1.8 Verduidelik DRIE maniere hoe jou ontwerpfirma 'n goeie openbare beeld kan skep en verseker dat die mense aanhou om jou produk te koop? (3)

5.2 Bestudeer die TWEE verpakkingsontwerpe hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




**FIGUUR 12**




**FIGUUR 13**

5..2.1 Watter verpakkingsontwerp verkies jy? Gee VIER redes vir jou antwoord. (4)

**[30]**

**TOTAAL: 150**